Die Vaderland
Woensdag 12 April 1933

# HERV. KERK HEIDELBERG

## Pragtige Nuwe Gebou Klaar

## VRYDAG INGEWY

### Reelings vir Fees Alles Gereed

Van Ons Eie Korrespondent.

HEIDELBERG (Tvl.), 5 April.—Die Herv. gemeente gaan op Vrydag, 14 April, hulle pas voltooide kerk inwy. Dit is 'n moderne, uiters smaakvolle en sierlike gebou waarop die gemeente met reg trots kan wees. Die kerk is gebou deur die firma Leggat en Leemhuis van Pretoria, na die ontwerp van boumeester G. Moerdyk. Dit kos £7000, insluitende die orrel en die klok. Die orrel, wat deur die firma R. Müller gelewer is, kos £1100.

Die dak is gemaak van effens gekleurde leiklip wat van Zwartruggens kom. Die parketvloer van mahonie- en kamperhout, die preekstoel en banke van kiaathout, wek die indruk van stewigheid en duursaamheid.

Die kerkgebou kan ruim 750 mense bevat. Die inwydingsrede sal gehou word deur prof. dr. J. H. Greyvenstein. Saterdagaand word die orrel ingewy, wanneer ds. L. E. Brandt 'n rede sal lewer.

Mnr. S. H. Eyssen sal die orrel by die geleentheid bespeel. Die gemeentelike basaar word Donderdag gehou en sal die oggend om nege uur deur die plaaslike leraar, ds. A. Oosthuizen, geopen word.